



eduresourceza.com



**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL:
REKORDEKSAMEN 2024
VRAESTEL II - 100 PUNTE**

NASIENRIGLYNE

VRAAG 1 DIE OOMBLIK VAN WAARHEID

1.1 Waar in Venesië speel die bogenoemde uittreksel af? (1)

Die uittreksel speel af in die Koninklike Tuine./ Giardini Reali (B1)

1.2 Hoe reageer Xander toe die Baker erken dat hy die teregstellingsvideo van regter Gericke vir Xander gestuur het? (1)

Toe Xander van die teregstellingsvideo hoor, kry hy 'n paniek- /angsaanval. (B3)

1.3 Oomblikke later begin Greg se visie uit fokus gaan, die speeksel begin in sy mond opdam en hy kry spasmas in sy arms. Verduidelik kortliks wat die oorsaak daarvan was en hoe dit gebeur het dat Greg so voel. (2)

Greg is vergiftig ✓ deur die pet wat hy by die stalletjie gekry het ✓ /Die Baker het Paraoxon ✓ op die pet gesit wat Greg by die stalletjie gekry het. ✓ (B2)

1.4 Die waarheid oor Rian Trollip se dood kom tydens hierdie gesprek na vore. Hoe was die Baker indirek verantwoordelik vir sy dood? (2)

Rian Trollip het die Baker by die polisie aangegee. ✓ Baker het kinderpornografie op Rian se rekenaar gelaai ✓ wat Rian in die tronk laat beland het ✓ en toe is hy in die tronk opgehang. ✓ (Kies 'n sinvolle kombinasie) (B3)

1.5 Die Baker verklaar ook hoekom hy regter Gericke so wreed vermoor het. Wat is die rede waarom die Baker dit so geniet om mense te vermoor? (1)

Die Baker vermoor mense omdat sy pa hom mishandel het / omdat dit san voel of hy sy eie pa vermoor. (B3)

1.6 Hoe het die Baker van regter Gericke se liggaam ontslae geraak? (1)

Die Baker het regter Gericke se liggaam (in 'n sak toegemaak, gewigte aan sy voete gebind) en in die see gegooi. (B1)

1.7 Xander het daarin geslaag om die Baker se gekodeerde lêers oop te kry. Wat was die wagwoord van die lêers en waar kom dié naam vandaan? (2)

Uitschotkraal ✓ Dit was die naam van die plaas waar die Baker grootgeword het. ✓ (B1)

1.8 Voltooi die volgende sin deur die ontbrekende woorde in te vul:

Xander het twee tipes rekenaarvirusse op die Baker se rekenaar gelaai toe hy die rekenaar gekraak het, naamlik (1.3.1 ...) en (1.3.2 ...) (2)

1.8.1 Ransomware (B1) 1.8.2 Doxware (B1)

1.9 Wat is in die inspuiting wat Valkyrie in haar hand het en hoekom het Plank dit in Greg se bobeen gespuit? (2)

Die teenmiddel (Atropine) ✓ vir die gif wat Greg deur die pet ingekry het ✓ (B3)

1.10 Verduidelik kortliks hoe Greg uiteindelik die Baker doodmaak. (1)

Greg het die Baker met sy pistool geskiet (drie skote) (B3)

[15]

VRAAG 2

WAARSKUWINGS

'A final business lesson before you leave, Greg: Never burn a bridge to find your way in the dark. Yes, bridges burn... but so do people *and* their dreams.'

[bl. 20]

Skryf 'n paragraaf van **80 – 120 woorde** oor die verskillende **waarskuwings** wat in die roman, *Donker Web*, gegee word deur die onderstaande kolpunte te beantwoord.

In jou paragraaf moet jy aan die volgende aandag gee:

- Lisa se Pa, oom Dirk, waarsku vir Greg om die hacking-goed te los. (1)
Waarom sê hy dit vir Greg?
Om sy dogter Lisa te beskerm. / Greg was al voorheen in die moeilikheid met kuberkraak toe hy in Lawson Kollege was / Xander het hom geleer om te kuberkraak sodat hy sy pa se

**betrokkenheid by Project Nursery Rhyme kan ontbloot. /
Gevaarlik of onwettig ½ met rede ½ (B4)**

- Waaroor waarsku sy pa hom wanneer Greg vir sy pa in die tronk gaan kuier? (1)

Greg se pa waarsku hom om die Baker uit te los en weg te bly van hom af. (B1)

- Wat gebeur met Tom en waarvan is dit 'n waarskuwing vir Greg? (2)

Tom word vermoor en sy tong word uitgesny. (1 punt)

**Dit waarsku Greg om stil te bly oor die Baker / om nie oor die Baker te praat nie / om sy mond van die Baker af te haal. (1 punt)
(B3/4)**

- Na die Paasnaweek, met Greg se terugkoms by sy woonstel in Stellenbosch, kry hy nog 'n waarskuwing.
Verduidelik watter boodskap hy kry en wat dit gesê het. (2)

Iemand het by Greg se woonstel ingebreek en met bloed op Greg se skuifdeur geskryf. (1 punt)

**“Jy en jou hackerbuddy moet my uitlos” (1 punt) Die antwoord
hoef nie aangehaal te word nie. (B3/4)**

- Watter dreigement kry Greg wat wys sy ma is dalk in gevaar? (1)

Iemand plaas foto's van sy ma by die winkels en stuur dit na Greg op Dropbox. / foto's ½ + meer info ½) (B3)

- Watter waarskuwing kry Greg buite die inligtingsentrum by die magistraatskantoor in Stellenbosch? (1)

Opsies:

a) Iemand in die selle skreeu dat hy die Baker se naam uit sy bek moet haal.

b) Die Baker is nie sy speelmaat nie.

c) Sy pa is nie veilig in die tronk nie, hulle het mense orals. (B3)

- Watter waarskuwing rig Plank teenoor Greg in terme van Ayla. (1)

Plank sê vir Greg om eerder weg te bly van Ayla af, sy is Xander se meisie. (B3)

- Greg het al die waarskuwings geïgnoreer. Wat wys dit vir ons van sy karakter? (1)

Greg is hardkoppig / onwys/ selfsugtig. (Enige gepaste karakter - eienskap) (B5)

[10]

- 2.2 Ondanks alle waarskuwings het Greg en Xander dit reggekry om uiteindelik die Baker se adres in die hande te kry. Wat het hul op die baker se rekenaar geplant? (1)

Xander het 'n Trojan op die Baker se rekenaar geplant en kon toe sy dokumente sien – een het nie 'n naam op gehad nie, maar wel die Baker se adres. (B4)

- 2.3 Waartoe het hierdie inligting (die adres) Greg aangespoor om te doen? (1)
Greg glip uit die hotel en gaan soek die adres. (B3)

- 2.4 Greg loop in Florence se strate rond en besluit om die Accademia (Galery-museum) te besoek.

- 2.4.1 Watter bekende beeldhouwerk sien hy hier in die hoofsaal? (1)
Die Dawid-beeld. (B1)

- 2.4.2 Hierdie beeld is uit marmer gemaak deur Michelangelo. Waarom wou ander kunstenaars nie hierdie marmer gebruik nie? (1)
Die marmer het te veel "imperfeksies" gehad - het te veel foute/lelike plekke gehad. (B4)

- 2.5 Oom Dirk daag onverwags in Florence op. Greg weet nie hoekom nie. Watter slegte nuus gee oom Dirk vir Greg? (1)
Dok Pienaar is dood ½ en sy pa is in die tronk aangeval ½ of Greg se pa is in die tronk aangeval ½ en is in ICU ½ - sinvolle kombinasie. (B3)

[5]

VRAAG 3 GREG SE VERLEDE EN DIE HEDE

Greg en Chloe is besig om te gesels. Chloe hou aan vra oor Greg se verlede en wat alles met hom gebeur het. Greg begin vertel dat daar 'n seun, met die skuilnaam Eckardt Wilken, in die middel van sy matriekjaar by sy skool begin het en dat hulle mettertyd vriende geword het.

Voltooi die volgende **dialog** tussen **Chloe en Greg**. Skryf slegs die **vraagnummer en die persoon se woorde in jou Antwoordboek** neer. Laat 'n reël oop ná elke antwoord.

VRAAG		VRAAG EN ANTWOORD	PUNT	VLAK
3.1	Chloe:	Wat was Eckardt Wilken se regte volle naam en sy van?		
	Greg:	Xander Gericke (Een punt vir naam, een punt vir van.)	(2)	1
3.2	Chloe:	Wat het hy jou geleer om te doen en waarop het jy afgekom wat daartoe gelei het dat jou pa nou in die tronk is?		
	Greg:	Om te kuberkraak (hack). Dat my pa deel was van Project Nursery Rhyme is wat talle mense se dood veroorsaak het.	(2)	3
3.3	Chloe:	Jy sê jy het toe Lawson Kollege verlaat nadat jou pa gearresteer is. Hoe het jy toe matriek klaargemaak?		
	Greg:	Ek het aangesluit by 'n tuisskool. (Aanvaar ook huisskool en aanlynskool.)	(1)	1
3.4	Chloe:	Vertel my meer van <i>Project Nursery Rhyme</i> . Een van die persone wat daarby betrokke was se skuilnaam is die Baker. Wat is die name, vanne en die skuilname van die ander twee mense?		
	Greg:	Dok (Alex) Pienaar – die Butcher ✓ Chris Owen – die Candlestickmaker ✓	(4)	1& 3
3.5	Chloe:	Hoekom wil jy nou ewe skielik die Baker opspoor?		
	Greg:	Om op te maak dat my ek my pa in die tronk laat beland het/ omdat dit onregverdig is dat hy, die Baker, (3e persoon van PNR) vry mag wees en my pa nie. / vir die naam van my familie.	(1)	3
	Greg:	Ek het 'n pakkie by die sekuriteitswag gekry met 'n nota wat sê: "Miskien sal dit jou help om die Baker op te spoor".		
3.6	Chloe:	Wat was in die pakkie?		

	Greg:	'n Koevert en 'n notaboek. / gebrande boek en nota	(2)	1
	Greg:	Daar was ook 'n onbekende woord op een van die items in die pakkie.		
3.7	Chloe:	Wat was die woord?		
	Greg:	Valkyrie	(1)	2
3.8	Chloe:	Dit is 'n vreemde woord! Wat beteken dit?		
	Greg:	Valkyries was vroulike geeste in Noorse mitologie, hulle het besluit wie gaan dood en wie leef .	(1)	4
	Greg:	Ek het die twee items toe weggesteek. Ook maar goed, want iemand was in my woonstel toe ek nie daar was nie.		
3.9	Chloe:	Waar het jy die twee items weggesteek?		
	Greg:	Agter my skildery./Conrad Botes (ignoreer voorsetsel).	(1)	1
			[15]	

VRAAG 4**SIMBOLE****Opdrag:**

'n Simbool is 'n teken of voorwerp wat iets anders verteenwoordig. Simboliek word in die roman, *Donker Web*, aangewend om 'n dieperliggende boodskap na vore te bring. Skryf 'n opstel van **tussen 250 en 400 woorde** waarin jy die onderstaande simbole bespreek.

Jou opstel moet 'n **inleidings- en slotparagraaf** hê. Hierdie paragrawe moenie te lank wees nie.

- Die punte tussen hakies dui aan hoeveel feite verlang word.
- Gebruik die kolpunte hieronder vir jou paragraafindeling.
- **Skryf die getal woorde aan die einde van jou opstel neer.**

Inleiding

Paragraaf A: Slange		Punt
	Medusa ✓	1
	Slange op haar kop/ kop vol slange/ slange i.p.v. hare. ✓	1
	Dok Pienaar/ Die Butcher ✓	1
	Chris Owen / Greg se pa/ Die Candlestick maker ✓	1
	Gordiaanse knoop is metafoor vir 'n ingewikkelde situasie/ onoplosbare probleem. ✓ / die raaisel van Project Nursery Rhyme. / Wie is die Baker?	1

Paragraaf B: Brûe	Moet nooit 'n brug brand om jou pad in die donker te vind nie. OF Brûe brand, so ook mense en hul drome. ✓	1
	Greg jaag vir Xander oor die brug in die Botaniese Tuine. ✓	1
	Die bruggie oor die Eersterivier simboliseer vir Greg 'n oorgang na iets donker, dieper, dodelik/ Baker in die onderwêreld. ✓	1
	Greg probeer vir Ayla oortuig: Ayla se pa is die Baker (en Xander weet dit). ✓	1
	Ayla is Xander se slagoffer van sosiale manipulering om op haar pa (die Baker) wraak te neem. ✓	1

Paragraaf C: Die spinnerak/ Web	Die blou are op Rian Trollip se hande lyk soos 'n spinnekopweb. ✓	1
	Die idee om die Baker op te spoor. ✓	1
	Letterlik: Die donker web op internet wat help om die Baker op te spoor. (Deeglike beskrywing) ✓ (spinnekopweb ½)	1
	Figuurlik: Die onsigbare web wat verwys na die proses om die Baker vas te trek. / konneksies ½ en iets wat met Baker ½ geassosieer word. / Innerlike konflik wat Greg ervaar. ✓	1
	Spinnekoppie ✓	1

Para graaf D:	Was ook die sondes af, nie net die gesig nie. ✓	1
	Hy sê dit vir die Baker in die Koninklike Tuine. ✓	1

	Hy sien Xander se weerkaatsing in die water. ✓	1
	Hulle praat oor hul toekoms / oor hoe hulle en hul gesinne altyd vriende sal wees. (iets soortgelyk) ✓	1
	Xander gooi die pistool in die water/see/ <u>Canale Grande</u> . ✓	1

Slot

Taal en struktuur (5)

WORD D.M.V. D6-RUBRIEK, IEB SAGS GEASSESEER.

[25]

TOTAAL AFDELING A: 70 PUNTE

AFDELING B TRANSAKSIONELE SKRYFWERK

EPOS (20)

WHAT'S APP (10)

WORD D.M.V. D7-RUBRIEK, IEB SAGS GEASSESEER. **[30]**

TOTAAL AFDELING B: 30 PUNTE

GROOTTOTAAL: 100 PUNTE